TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 2 |4|2020 13 Nov 2020

Uit die Kantoor …

Hoofleiers vir 2021

Graag wens ons die nuwe hoofleiers van 2021 hartlik geluk met hul verkiesing in hierdie ampte.

Bywoning van skool vir 2021

Na die toespraak van Pres. Ramaphosa Woensdag, is dit duidelik dat omstandighede in die land en spesifiek in skole nie vinnig gaan verander nie en lê die onus nou op skole om self werkbare planne in werking te stel sodat akademiese onderrig in 2021 effektief kan plaasvind. Na gesprekke met personeel en die Beheerliggaam, word daar na verskeie opsies gekyk sodat die volle skool volgende jaar sal terugkeer skool toe. Dit sal beteken dat daar nie weekliks roteer sal word nie, maar dat alle leerders daagliks skool sal bywoon.

Hierdie beplanning is egter onderhewig aan nasionale voorskrifte en kan weer verander indien daar ‘n tweede staat van inperking afgekondig word.

Hierdie aanpassing sal ook beteken dat die e-platform, wat vanjaar uit nood ontstaan het, slegs aangewend sal word indien daar weer in ‘n staat van inperking beweeg sou word.

ERKENNING

Daar is reeds in vorige skrywes aan u genoem dat daar nie vanjaar ‘n prysuitdelings-geleentheid gaan plaasvind nie. Die skool het egter gevoel dat ons steeds erkenning wil gee aan ons leerders wat in sport en kultuur presteer het voor die grendeltyd. Leerders sal ook volgens ons staande beleid erkenning ontvang vir volgehoue akademiese prestasies waar die punte van kwartaal 1 en kwartaal 3 in aanmerking geneem sal word. Oorhandiging van hierdie sertifikate sal in klasverband hanteer word op die laaste dag waarop die hele groep by die skool sal wees. Uitsonderlike prestasies sal ook op die skool se webblad erkenning ontvang.

SNOEPIEKAART (herhaal)

Graag herinner ons ouers daaraan dat die snoepie onlangs oorgeskakel het na ‘n nuwe verkoopstelsel. Die nuwe stelsel maak voorsiening dat daar steeds met die “ou” kaarte gekoop kan word. Ons wil ook ouers en leerders aanmoedig om wel hul kaarte te gebruik, omrede ons kontantverkope tot die minimum wil beperk. **Ouers en leerders wat hul kaarte verlê het, maar steeds die nommer van die kaart gebruik, kan slegs tot einde November gratis aansoek doen vir ‘n nuwe kaart.** Verlore kaarte sal egter vanaf Januarie 2021 teen ‘n bedrag van R40 per kaart vervang kan word. Ouers hoef slegs die bestaande kaartnommer te verskaf. Indien u nie meer die nommer kan onthou nie, moet ’n nuwe aansoekvorm voltooi word, waarna ‘n nuwe kaart uitgereik sal word. Neem ook kennis dat die huidige balans op die kaart, debiet of krediet, na die nuwe kaart oorgedra sal word. Geen aankope sal egter gedoen kan word solank die rekening in ‘n krediet is nie. Die nuwe stelsel laat dit nie toe nie. Vir enige navrae, kontak me. Beaulah du Plessis by die kantoor of e-pos by beaulah@tjokkies.co.za.

.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Herinnering aan Begrotings-vergadering (Herhaal)

Graag herinner ons ouers net weer aan die Begrotingsvergadering met die oog op 2021 se begroting wat gehou sal word op Maandag, 16 November 2020, in die skoolsaal. Alle ouers is welkom om dit by te woon.

Tjokkie-Dankdiens

BELANGRIKE DATUMS

13 Nov. Klein Tjokkies Gholfdag
20 Nov. Gr. 7-afsluiting (leerders sal skrywe ontvang)
22 Nov. Tjokkie-Dankfees
23 Nov. Eindeksamen begin
14 Des. Afhaal van Rapporte (7:15-13:00)

EKSAMENROOSTER Nov/Des 2020

Leerders het reeds verlede week die eksamenrooster en eksamenwerk ontvang. Dit is ook op die e-platform beskikbaar.

SKOOLTYE

Vanaf Maandag, 23 November, begin die skool om 7:45 en sluit om 13:00 vir almal. Op Dinsdag, 15 Desember, sluit die skool om 10:00.

FOTO'S

Alle uitstaande individuele & boetie/sussiefoto's van groep 2 wat nog nie afgeneem is nie, of uitstaande is, geskied op **Donderdag, 19 November 2020.**
Individuele pakette beloop **R60.**
Leerders moet asseblief in hul somersdrag geklee wees.

TYDELIKE ONDERWYS ASSISTENTE POSTE

Gaan loer gerus op Tjokkies se facebook-blad vir meer inligting rakende hierdie poste.

SNUFFELS

Te koop:
Stewige, seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke
@ R60 elk (verpligtend vir Gr 4, benodig 8)
Bestel nou reeds vir 2021, betaling met bestelling. Laaste bestellings word 4 Des. geplaas.
Whatsapp Blanche by 0725052247 vir bestellings.

Spoil Basket is 'n verskaffer van uitstekende kwaliteit voedselprodukte en ons bied die volgende dienste:
Kom koop 'n DANKIE-onnie geskenk by ons winkel in WOW, Elias Motsoaledistraat 45, Langenhovenpark.
Aankoop van geskenkpakkies aanlyn by https://spoilbasket.com/gift-basket/. Om 2.5% van u mandjie te skenk aan Tjokkies, kies die instelling op die "check-out" blad.
Korporatiewe geskenkopsies ook beskikbaar:
U kan kies tussen vooraf opgestelde mandjies of u eie saamgestelde mandjie.
Ons kan mandjies en lint met u besigheid se logo op verskaf.
Landswye aflewering.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

WAAR JY EN JOU KIND OMARM WORD

Universitas Wes Kleuterskool is 'n privaat, Christen gebaseerde kleuterskool in Bloemfontein.
Kom speel, droom en ontwikkel saam met ons, waar jou kind nie net 'n nommer is nie, maar omarm word.

KOSTES:
Oggend: R1,950.00 x 10 maande
Voldag: R2,300.00 x 10 maande
Vakansiesorg en etes is ingesluit.

28 DE BRUYN STRAAT, UNIVERSITAS, BLOEMFONTEIN, 9301

UNIVERSITAS-WES

Kleuterskool

info@uniwes.co.za
076 997 3749

Besoek ons webwerf: https://www.uniwes.co.za/

URE: 06:50 - 17:30

Die skool sluit jaarliks vir twee tot drie weke (afhangende van publieke vakansiedae), vanaf 15 Desember.

Ons neem babas van 3 tot 12 maande en Kleuters 1 tot 5 jaar (Kleuters mag in die skool aanbly tot aan die einde van die jaar waarin hulle vyf jaar oud word).

Kom speel, droom en ontwikkel saam met ons, waar jou kind nie net 'n nommer is nie, maar omarm word.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

SPAR UNIVERSITAS · CARTRACK · supa quick · MIDAS · DUNLOP · SPEEDY

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com